STABILIS
50 JAAR | 1967-2016 | 50 YEARS




Valentine's Day was a feast of flowers PAGE 2

dieptе

Nog geen einde aan die droogte BLADSY 7

hot off the press




558 Dae is die lees werd BLADSY 4

Grey se senior Boere-orkes is die beste in hul genre in die wêreld BLADSY 5



Dr Games makes his debut PAGE 9

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · JAARGANG | VOLUME 50 · NO 1 · Maart | March 2016

# Set your cross-bar higher

*Athletics will strengthen mind, body and spirit*



**Athletics captain PC Coetzer shows the joy and power involved in aiming as high as he can.** **Photo: Eduan Naudé**

**RELE TSOAI**

Athletics has always been one of the most popular sporting codes at Grey and this year has proven to be no exception. Without fail, the learners achieve excellent results and many of the athletes have achieved their personal bests this year.

The enthusiasm with which the learners approach athletics is a tribute to their dedication and character and even more, an absolute tribute to their coaches and the teachers involved in athletics. These learners and teachers have already participated in several meets and have consistently made the school proud.

This year, for the first time, the school meet was held from 14:00 until the early evening. Despite some initial reservations this will be implemen-ted in the future: this provides more academic time and also, the athletes conceivably could achieve better times due to the slightly cooler weather. A bonus this year was also that Oranje also participated in the relays, thus adding undeniable glamour to the event.

PC Coetzer (captain) and Nico Prinsloo (vice-captain) can be justifiably proud of their squad.

The power to send money from your phone
Dial *111# to activate your wallet.
Terms and conditions apply.
Vodacom
Power to you
m-pesa

short news

## Grey table tennis experiences revival

**NATHI MOSALA**

Ms Benita Hancke graciously agreed to stand in for mrs Corné Grobbelaar during her maternity leave period.

This dynamic Grey lady immediately slotted into her role as Accounting teacher. Apart from teaching her subject, her other passion has always been table tennis at Grey – to such an extent that her last tour with the group was a successful trip to China.

She immediately noticed that the table tennis group that she and ms Maretha Venter had guided and worked with diligently for so many years had dwindled down to a nearly non-existent activity. She immediately started rectifying the matter: punctually attending practice sessions and urging learners to start participating again. She has also arranged the annual table tennis tournament where each grade must enter three players in the tournament.

Ms Hancke firmly believes that apart from any other considerations, table tennis is a refuge activity for the more withdrawn, quiet learners who wish to participate at school but do not feel equipped to participate in any of the usual sport activities offered at the school. She further stated that the number of players has significantly increased.

# Ke a o rata haholo

*Because you really have such amazingly soft, beautiful hands*

**DYLAN BARNES**

This year Valentine's Day was celebrated at school on 10 February.

Head boy Mario Vieira was master of ceremonies and controlled the proceedings masterfully. There was music; songs by Indomitus, Oranje's Con Spirito group, the Grey band was on top form and the soloists weakened many female knees.

Once again, girls invited from Grey's sister schools were selected to sit in the middle of groups of boys to be serenaded – and the three head boys delivered an impressive performance with Nico Prinsloo at his flamboyant best.

An unusual aspect of this day was a short video clip detailing the origin of Valentine's Day. This was followed by short interviews with staff members and boys describing their perfect date and perfect moment. This was the brainchild of ms Celeste Venter, and Nico Prinsloo and Tiaan Serfontein were the videographers. Headmaster mr Scheepers got into the spirit of the day and brought the house down when he gravely stated that the first thing he notices about her woman is her hands.

The closing song, *Just the way you are* was a beautiful collaboration between the soloists and the rest of the school, especially the heart-shaped hands raised at the end.



**Indomitus bring their best to the game. Photo: André Hough**

## Grey bly flink in tred met tegnologiese vooruitgang

**VLADIK SEAGREEN**

Grey Kollege is vir 'n geruime tyd betrokke by *Game On Magazine*, wat hulle toespits op nuus van skolesport en jeug. Die uitgewers het Grey Kollege in Oktober 2015 genader met die konsep om vir die skool 'n *app* te ontwikkel. Die uitgewers is *Camouflage Visual Solutions*, wat die konsep ontwikkel het.

Belangrike inligting kan aan die seuns en ouers gekommunikeer word deur middel van die *app*. Die inligting sal die jaarprogram, interskole programme, toets- en eksamenroosters, belangrike aankondigings, mnr Scheepers se weeklikse nuusbrief, daaglikse klasrooster asook sport- en kultuurprogamme insluit. Daar sal ook kontakbesonderhede en direkte skakels na die skool se sosiale media platforms en die webtuiste wees. Dit sal die *Game On Magazine* uitgawes bevat, sowel as 'n skakel vir Liberty, wat die *app* se koste vir die vasgestelde termyn dek.

Die *app* is alreeds op beide Android en Apple beskikbaar en dit is gratis op *Playstore* en *App Store*. Die grootte van die app is huidiglik 7MB. "Die data-gebruik is van so aard dat dit glad nie die verbruiker se sak sal raak nie. Dit hang natuurlik af van die verbruiker en hoeveel keer hulle die app besoek," sê Michael van Rensburg, bestuurende direkteur van die tydskrif.

# *Deutschland über alles*...of miskien tog eerder oos, wes, tuis bes!

**IZAK ADENDORFF**

Een van ons Grey-leerders was verlede jaar 'n uitruilstudent in Duitsland - en dit was vir hom 'n lewensveranderende ervaring. Dit het begin met die Grey-leerders se toer deur Duitsland vanaf middel September tot begin Oktober.

Hy het die meeste van sy besoek as uitruilstudent in München spandeer. Hulle skoolsisteem is baie anders as by Grey.

Hulle wissel nie tussen periodes nie; die onderwysers wissel. Die skole is baie meer tegnologies gevorderd as in Suid-Afrika en die meeste van hulle lesse word aangebied deur eers inligting op die dataprojektor te wys.

Die leerders het die opsie om 'n sekere sportsoort in graad 11 as 'n vak te kies. Daar is egter ook 'n paar aspekte wat 'n Suid-Afrikaanse leerder mis, bv die feit dat hulle almal dieselfde skool bywoon maar dat daar is niks wat hulle verenigsoos by Grey nie. Hulle het nie trots vir hulle skole nie. Al die na-skoolse aktiwiteite dra ook hiertoe by omdat hulle almal by verskillende klubs oefen. Die Duitsers beoefen graag binnenshuise sporte.

Al die leerders in Duitsland is verplig om 3 addisionele tale te neem; meestal Engels en Grieks of Latyn. Hulle akademiese standaarde is uitstaande; die Duitse leerders doen in graad 10 al werk wat in Suid-Afrika eers op universiteit gedoen word. Die leerders gaan meestal op fietse skool toe of met die vervoerstelsel: busse, trêms en treine.

Duitsland is baie veiliger as Suid-Afrika, wat waarskynlik een van die redes is dat die leerders so baie vryheid het.



**Izak Adendorff verskaf 'n blik op die bekende Marienplatz in Duitsland. Foto: Verskaf**






## Gunner en Gwarrie hou die skool se gees aan die gang

**EDUAN TRUTER**

Die jaarlikse insouting is bekend vir een groot aspek, Koshuis teen Stad. Saam met dit kom die bekende beertjies van Stad en Koshuis - Gunner en Gwarrie.

Die graad 11-leerders kry jaarliks die kans om die bekende beertjies te dra en bekend te stel tydens saalsessies waar die twee vyande juig wanneer hulle beertjies die Reüniesaal betree.

Die laaste paar jaar het daar 'n kultuur onstaan waar Stad vir Gwarrie probeer steel en Koshuis, vir Gunner. Mnr Scheepers, Mario Viera (skoolkptein), Dian Schoonees (onder-skoolkaptein, Koshuis) en Nico Prinsloo(onder-skoolkaptein, Stad) stem almal saam dat die beertjies goeie gees in beide Stad en Koshuis bring maar dat die baklei vir die beertjie Grey verdeel. Volgens Nico Prinsloo het die skool vining baie groot waarde aan Gwarrie en Gunner geheg.

Mnr Scheepers het ook genoem dat daar 'n lyn is met die beertjies: "Sodra Koshuis vir Gunner vat en so ook Stad vir Gwarrie, is die lyn oorsteek," het hy genoem. Daar was sprake dat die beertjies in die kluis by die skool gehou sou word en net vir saalperiode uitgehaal word. Mario Viera het gesê dat beide Stad en Koshuis groot genoeg is om die beertjies by hulle te hou. Mario het ook genoem dat die opskeur van Gunner by die jaarlikse Grey-gala te ver gevat is.

"Dit is nie noodwendig n tradisie nie, maar 'n mens weet nooit - as die volgende generasie instap en die beertjies is nog in Grey kan ons daarna kyk as n tradisie," sê mnr Scheepers. "Tommix is daar vir gees. Maar geweld is nie hoekom Tommix daar is nie, hy bring gees. En ek glo dat dit moet ook Gunner en Gwarrie se doel wees."

# Ode to a legend who leaves a legacy

*Mr Gavin Goosen is unique and was a law unto himself at school*



**Mr Gavin Goosen (5th from the left) played a pivotal role in u/15 soccer – a man much loved by his players** **Photo: Archive (2011)**

**DYLAN BARNES**

Mr Gavin Goosen is leaving Grey at the end of the term. He has been appointed as Mathematics subject advisor for the Motheo district at the Department of Education. He will support and train teachers, especially at the underperforming schools and will also moderate the work done by teachers.

He started teaching at Grey in 1997, this making 2016 his 20th year of teaching at Grey College. Mr Goosen shared what he has learnt in his time at Grey," The importance of team work; that perseverance and hard work pay off, and most importantly, I learned that a school is not simply a building with learners in it. What makes the school special is the traditions, the feeling of togetherness and the support between friends and colleagues."

Mr Goosen commented as follows about memories that he will take with him, "My memories don't relate to activities or events, but rather to the boys who have passed through my hands and the variety of characters who have left an indelible mark in my memory."

Mr Goosen's five-year plan is to be happily married. As to his long-term goals he said," I don't intend to ever stop teaching. It might be in a different context or a different environment, but teaching is something I am passionate about and I believe that success can be achieved only by doing the things we are passionate about."

Mr Goosen wants to leave Grey College with a message for the Grey gentlemen and a quote from Eleanor Roosevelt, as follows, "Don't give up on your dreams because in reality, dreams are the blueprint of all the plans you have for the future." Eleanor Roosevelt said, "The future belongs to those who believe in the beauty of their dreams."

## kortnuus

### Economics is not for the fragile and faint-hearted

**RELE TSOAI**

Mr Piet Wessels was recently interviewed regarding Economics as a subject in grade 12. This is a fairly new subject at Grey College and as was fully explained, this is not an "easy" subject.

Mr Wessels said that at the moment there are 15 Afrikaans and eight English learners in grade 12 who take Economics. The grade 12s numbers are slightly less than the grade 10s and 11s, who number more or less 30.

Mr Wessels was also asked how many people pass Economics, as it is known to be a difficult subject. He replied that they obviously aim for a 100% pass rate and that this is usually achieved. He further explained that for anyone who works regularly and prepares well, it should not be too difficult to pass Economics.

That then led directly to the question as to whether Economics really is a difficult subject. He replied that Economics is regarded as the fourth most difficult subject in the final examinations, after Mathematics, Accounting and Physical Sciences. We also wanted to know from him what job opportunities were available for a learner who has matric Economics.

The opportunities are many, including qualifying as a broker, who sells and buys shares and negotiating instruments, a chartered accountant {CA (SA)}, a statistician, an economist, an actuary and to further studies in econometrics. It serves as a good background for any business course.

# Nuwe wetenskapblok was die wag werd

**DIRKIE LAAS**

Aan die begin van 'n nuwe jaar is daar ook nuwe dinge waarna mens uitsien. Aan die einde van verlede jaar het leerders klas gehad in die tydlike houtklasse – oftewel "Woodlands"en dit was vir onderwysers en leerders baie onaangenaam. Die goeie nuus is dat daardie tye verby is.

Die bouwerk by Grey Kollege is die gevolg van 'n behoeftebepaling by die skool nadat die skool die afgelope paar jaar al hoe meer leerders ingeneem het en die behoefte na nuwe klaskamers dringend geraak het. Die nuwe wetenskaplaboratoriums was ook deel van hierdie nuwe aanbouings. Die nuwe S-blok waarvoor almal so lank gewag het, is hier.

Die vier nuwe klasse en vier nuwe laboratoriums is voltooi en lesings en eksperimente het begin. Hiermee saam begin 'n nuwe geskiedenisverhaal gevul met insidente, staaljies en herinneringe. So verwelkom Grey die jongste in die familie van nuut tot histories-unieke Grey geboue.

Die laboratoriums is toegerus met plek vir ongeveer 60 leerders asook plek vir al die toerusting, met ruimte vir eksperimente en toetse wat uitgevoer moet word. Die ingeboude banke is ook baie netjies en stylvol en skep 'n inspirerende "universiteits-omgewing."

Malelo Mweemba in graad 12 stem saam en meen," Alles is baie nuut, baie netjies en werk met net die nuutste tegnologie – soos by 'n universiteit."

Mundus Grové in graad 9 sê' "Die klasse is regtig mooi, groot en ruim- maar dit is verskriklik warm in die klasse."

Die wag was skynbaar dan die moeite werd, maar die meeste leerders voel dat die hitte in die klasse byna onuithoudbaar is. Die onderwysers kom gereeld natgesweet en bloedrooi uit die klasse uit - en die meeste is dit eens dat die ekstreme hitte in die lokale, skoolhou en konsentrasie byna onmoontlik maak.

Sommige onderwysers het belê in reuse waaiers wat water ook uitsproei en ook waterverkoelers. Dit maak egter nie veel van 'n verskil aan die toestande nie.

Berigte is egter van die projekbestuurder ontvang dat hierdie aspek wel binnekort aandag sal geniet.




Die nuwe aanbouing in al sy glorie pryk op kampus. **Foto: BJ Vorster**


WISDOM TEETH ISSUES?



Make an appointment with one of our specialists for expert assistance. **CURE DAY CLINICS BLOEMFONTEIN** is the ideal state-of-the-art facility for wisdom teeth procedures!

**CURE – CONVENIENT, AFFORDABLE, FRIENDLY AND PROFFESIONAL.**

**Dr Hoek** (Maxillo-facial surgeon) on **051 430 5647**,
**Dr Floris Kotze** (Dentist) on **051 444 2350**
or contact the hospital for assistance on **051 072 0018**.
marketing@cdc-bloemfontein.co.za | www.curedayclinics.co.za

29 Poole Street,
Brandwag, Bloemfontein
**FB**: CureDayClinicsSA
GROUP OF DAY HOSPITALS

cure DAY CLINICS

SPECIALISED DAY SURGERY

## kortnuus

### ANA's word nie oral met erns bejeën nie

**VLADIK SEAGREEN**

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is nasionale assessering vir tale en wiskunde. Graad agt en nege leerders oral in Suid-Afrika is verplig om dit te skryf.

Die hoof-doelwit van die Jaarlikse Nasionale Assesserings (ANA) program is om 'n bydrae tot beter onderrig in skole te lewer.

'n Anonieme leerder van die skool sê: "Die ANA-toetse het 'n goeie doel, want die regering kan sien op watse standaard die skole in ons land is." Aangesien die ANA's egter nie vir leerders se rapportpunt getel het nie, het leerders nie vreeslik moeite gedoen nie en sodoende, swakker punte behaal in die ANA-vraestelle as in Grey se eksamen. Nog 'n leerder van die skool sê: "Ek dink nie die ANA's is sinvol nie, want die standaard van Grey se eksamens is baie hoër as die standaard van die ANA-vraestelle."

Ten spyte van wydverspreide teenstand is alle skole tog gedwing om die ANA's te skryf.

## belangrike datums

**5 April:**
Skole Heropen
**9 April:**
Interskool: Maritzburg College (tuis)
**16 April:**
Atletiek: SA Seniors
Rugby: Liga
Sokker: Waterstone
Koshuis in-naweek
**25 April:**
Graad 11 Leierskapontwikkeling
**27 April:**
Vryheidsdag

# A book of hope, love and torment

*Yolande Korkie launches 558 Days at Grey*

**GARY DYKMAN**

Ms Yolande Korkie , wife of the late mr Pierre Korkie said that Grey College is like family to her, which is one of the reasons why she decided that it would be suitable to officially launch her book, *558 Days*, at Grey College.

Mr Korkie was a teacher at Grey College for approximately 25 years. The family then moved to Yemen in 2009 to fulfil a calling they felt. Mr Korkie taught English there.

Ms Korkie's book launch was during an assembly period. She said, "Grey College really supported us during the 558 days."

She was accompanied by a representative of CUM books, as well as by Anas al Hamati and his wife, representatives of *Gift of the Givers* who led the negotiations to release the Korkies. Ms Maretha Maartens, ms Korkie's guide and mentor in the writing process also attended the lauch of the this meaningful book.

The book narrates their experiences during their time in captivity. According to ms Celeste Venter, "this book is a journey which will leave no reader untouched." Ms Korkie handed a Bible as well as a copy of her book to the school.

This book is a narrative, but it also addresses complex issues like forgiveness and staying in control while everything is out of control.

Ms Korkie was released in January 2014 after negotiations by *Gift of the Givers*. Mr Korkie was killed in a failed US rescue mission. The title of the book, *558 Days*, is a reference to the number of days mr Korkie was in captivity before his death.

Ms Korkie thanked Anas al Hamati in fluent Arabic, and he replied that he could feel mr Korkie's presence at the school.



**An intense moment with two strong women.** **Photo: BJ Vorster**

## Help is at hand at the new Support Centre

**RELE TSOAI**

The Learning and Support Centre run by Ms Chanell Cuyler-Greef (psychologist), Ms Daniela Petrella (counsellor) and Ms Lynette Claassens (office administrator) was opened last year. This centre aims to help students at Grey with any problems they have.

At the Learning and Support Centre the main focus is on support, be it emotional or academic. It offers a wide variety of services such as career guidance, subject selection guidance and scholastic evaluation. They also screen for attention deficit disorders, hyperactivity and dyslexia.

They also offer counselling and psychotherapy. They offer this for everyday problems that many people deal with. These include relationship problems, stress and for sports players, how to not get distracted by the other team. Everything they do is confidential so nothing goes in the school file. Anything said between the learner and the counsellors is confidential because when a person is older than 12 years, counsellors need permission to break confidentiality and inform parents, teachers or guardians.

The centre is open to all Grey College Secondary learners and they offer counselling and psychotherapy programs free of charge.

They offer academic support in the form of individual study therapy. What they do is focus on issues such as motivation, goal setting and time management.

They help learners find ways to study properly and effectively with organisation strategies and prioritisation of activities, taking into account the busy life of a Grey College learner with all the extra-mural and academic activities.

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
How can we help you?

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports Grey College Sport
Coca-Cola
live on the Coke side of life
Coca-Cola

PROFILE

## Where in the world is... Tristan vd Spuy

**GARY DYKMAN**

Tristan matriculated from his alma mater in 2013, after "the most important and enjoyable 5 years of my life at Grey". He was a prefect and received the Doc Malan trophy for sportsmanship during the year. He was also the first learner to receive the Grey Boy of the Year trophy. He is now in his final year of studies for Chartered Accountant CA (SA).

He was chosen to be part of a group of six students to attend a three-week course at Stanford University in San Francisco, as ambassadors of the UFS. They present seminars on a broad range of topics such as a *Walk down Wall Street* and *Information Technology in the New Age*; only two of the close to 30 different topics presented.

The group was selected from 7000 other students according to academic performance as well as leadership and extra-mural activities, and after numerous intensive interviews.

They met people from all over the world; many of the students were not even from America. His roommate came from Singapore and the other one was from Oxford University in London. He also met people from Spain, Columbia, Australia, Canada and Sweden; the rest came from the other 50 states in America.

Tristan says, "It was amazing to see how different they are to everyone in South Africa; it is a melting pot of culture and diversity".

He also says that visiting Google, Apple, Golden Gate Bridge, San Francisco business district, Pier 39, Lombard Street and having the privilege of staying at Stanford for three weeks was an amazing experience. Tristan has also recently been nominated to attend an International Scholar Laureate in China and Australia later this year, where business students from across the globe will attend a 14-day business workshop and meet the world's business powerhouses.

Since returning from America, Tristan's thought processes and perceptions have broadened and matured immensely.




**Tristan at the hub of technological information.** **Photo: Supplied**

# Boere-orkes bring die beker terug

*So word 'n kultuurerfenis van Suid-Afrika bewaar vir die nageslag*



**Die Grey Kollege Senior Boere-orkes wys die land se bestes hoe dit gedoen moet word.** **Foto: Verskaf**

**REINHARDT GROBBELAAR**

Die Grey Kollege Senior Boere-orkes het verlede jaar in September Kaapstad toe gevlieg om deel te neem aan die SA Boeremusiekkampioenskap, waar hulle teen ervare volwasse deelnemers meegeding het.

Hulle het uitstekend gevaar en het toe die eerste plek behaal. Dit is 'n besonderse prestasie waarmee min musikante kan spog. Hulle het ook op die radio opgetree. Die kompetisie was dried ae aan die gang en elke Boere-orkes moes vier verskillende stukke speel: 'n polka, wals, setees en 'n vastrap. Die stuk waarmee hulle gewen het was die Lochval-vastrap, en hulle is na die tyd gevra om 'n CD op te neem. Die CD se titel is *Sonop*, en is by die Grey Armour beskikbaar.

Die skool se talentvolle Boere-orkes het verlede jaar sewe talentvolle lede gehad, naamlik Bernie Neser op die banjo, Dylan van der Merwe en Werner van der Merwe op kitaar, Harry Brummer op trekklavier, Hewalt Sparkham agter die tromme, Lian Lategan met sy konsertina en Dirkie Laas op baskitaar.

"Ons het elke oggend vroeg opgestaan om te oefen," se Sparkham. Hulle het saam hard gewerk om nie net die prestasie te bereik nie, maar om dit te verdien.

Deur die proses moes hulle ses beoordelaars beïndruk om deur te dring na die volgende rondtes toe. Hul sterkste teenstanders was 'n orkes met die naam 'Penkoppe'.

Na hulle in die finale rondte gewen het, het elkeen individueel 'n beker en 'n medalje ontvang. Hulle optrede oor die radio het tot gevolg gehad dat duisende mense van hulle prestasie bewus geraak het.

Die CD amptelike vrystelling was Vrydagaand 26 Februarie by die Eeufeessaal.

## staccato



### Sanger-akteur trio gerat om die gehore te laat ruk en rol

**DANIEL VON ESCHWEGE**

*Adam* is 'n Suid-Afrikaanse drieman *band*.

Die groep bestaan uit drie sangers wat ook akteurs is en almal ook kitaar speel; naamlik Hugo Ludik, Reynardt Hugo en Kyle Grant.

Die tipe musiek wat hierdie groep skryf en uitvoer is *pop*, met 'n neiging na 'n meer kontemporêre styl. Hulle albums, *Goud* en *Vir Jou Gemaak*, het onlangs goud-status bereik en verkope is steeds aan die styg.

Adam gaan vanjaar ook as gaskunstenaars optree by die jaarlikse Grey Musiekfees in Augustus. Hierdie groep het al in Nederland opgetree en snitte van die groep se musiek word in Engeland en selfs in Griekeland gespeel.

Hulle het al by die Suid-Afrikaanse Ghoema musiektoekennings geskitter asook in produksies soos die Huisgenootskouspel gedurende 2012 tot 2014 opgetree.

Die groep het die temalied van die fliek, *Vir Altyd* gesing en geskryf. Daar word uitgesien na die Musiekfees waar hierdie lied opgevoer gaan word.

Volgens die lede het hulle net een doel voor oë: om goeie musiek te maak en vermaak te verskaf waar hulle ook al gaan.

## Welkom aan die byvoeging tot die kultuurdepartement

**DANIEL VON ESCHWEGE**

Aan die begin van 2016 het 'n hele paar nuwe onderwysers by Grey Kollege se personeel aangesluit. Die kultuurdepartement het twee nuwe lede bygekry, me Lize-Marie Swart en mnr Hattingh Davel.

Me Lize-Marie Swart kom uit 'n bekende Grey-familie. In haar eie woorde: "My pa het hier skoolgehou, al drie my broers was op Grey en nou het ek wraggies ook hier geland." Me Swart het BA Drama en Teaterkuns by Kovsies gestudeer, waarna sy 'n onderwysgraad by UNISA verwerf het. Sy het ook haar Unisa Graad 8 viooleksamen behaal.

Sy gee by Grey die Kuns en Kultuur en Lewensoriëntering. Soos sy sê, "Dié vakke waarvoor niemand wil leer nie gee ek, maar ek kan julle verseker, ons werk hard in my klas." Me Swart is ook betrokke by Grey se dramagroep.



**Me Swart en mnr Davel is 'n aanwins vir Grey.** **Foto: BJ Vorster**

Mnr Hattingh Davel is die nuwe afrigter van die Koor en Indomitus. Hy het binne die eerste paar weke sy merk gemaak met nuwe musiek en eie verwerkings wat die seuns vinnig moes aanleer. Sy hoof-belangstelling is jazz op die klavier, maar hy speel ook klassieke kitaar, baskitaar, tromme en verskeie ander instrumente.

Mnr Davel het gematrikuleer by die Lady Grey Arts Academy, waar hy aan rugby, atletiek, musiek en drama deelgeneem het. Atletiek was sy hoofsport.

Na sy skoolloopbaan het hy B.Mus. op Kovsies studeer, waar hy ook sy Honneursgraad verwerf het. Daarna was hy 'n dosent in musiekopvoedkunde, teorie en Jazzband aan die Potchefstroom Universiteit se musiekkonservatorium. Hy het daar ook sy meestersgraad afgehandel. Tydens sy meestersgraad studies het hy ook 'n ses maande as uitruilstudent in Swede studeer aan die Royal College of Music.

Mnr Davel kom uit 'n bekende kunstenaarsfamilie en is getroud met Annerien. Hy tree jaarliks in die Lady Grey Passiespele op, waarin hy al 5 jaar lank die hoofrol van Jesus vertolk. Hy gaan hierdie jaar tydens die Paasnaweek weer die hoofrol sing. Grey verwelkom hierdie twee talentvolle mense.

HOBBIT
BOUTIQUE HOTEL
ESTABLISHED 1993
★★★★
SPESIALE NAWEEKAANBOD
R750 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.



Jannie van der Westhuizen (Oud-Grey)
TEL / FAX (051) 447 0663
CELL 083 324 8099
info@hobbit.co.za · www.hobbit.co.za
19 PRESIDENT STEYN AVE · WESTDENE · BLOEMFONTEIN




## Party gewoontes nie tradisie

Op julle merke, gereed... "Let's go College boys, let's go!" Op 13 Januarie 2016 het ongeveer 1 200 hoërskoolseuns by die deure van die Reüniesaal, die hart van die skool, ingestap. Daar was 'n warboel van emosies soos onsekerheid en angs, maar terselfdertyd 'n gevoel van opwinding en entoesiasme. Die jaar 2016 het begin.

Die eerste twee weke word gekenmerk deur die 'tradisionele' oriënteringsprosesse. Dit is waar die prefekte die graad 8's onderrig in die tradisies en waardes wat so uniek is aan Grey. Terwyl die koshuis en stad graad 11's een doel voor oë het en dit is om mekaar se teddiebeertjies (gelukbringers), naamlik Gwarie en Gunner onderskeidelik, te steel. Dit alles gaan gepaard met die Stad vs. Koshuis-gees wat in die saalperiodes, atletiek en gala na vore tree. Daar was in 2015 sprake dat 2016 die jaar van veranderinge gaan wees. Dié professie was nie traag om homself te vervul nie.

Weens 'n paar onaangename insidente met betrekking tot die ontgroening, asook oorgretige graad 11-seuns wat 'n teddie wou steel, is omtrent alle oriënteringsprosesse verbied en onwettig verklaar. Dit het 'n mate van opstandigheid onder die matrieks veroorsaak en baie onenigheid tot gevolg gehad. Verskeie matrieks het gesê: "Dit is aan ons gedoen en daarom sal ons dit ook aan die graad 8's doen en dit is mos tradisie." Toe die stof op die bakstene en naambordjies van al die graad 8's in die asblikke gaan lê, was daar baie ongeloofwaardige gelaatstrekke te sien op die skoolgronde. Tog moet ons onsself die vraag afvra; is dit die moeite werd om sogenaamde tradisies te behou wat ons geliefde skool afbreek? Abraham Lincoln het gesê: "A house divided against itself cannot stand."

'n Meer positiewe verandering is dié van die Grey atletiekbyeenkoms. Dit is hierdie jaar op 'n baie interessante wyse aangebied. In teenstelling met die oggendbyeenkoms was daar vir die eerste keer besluit op 'n middag-aand byeenkoms. En soos by die gala was die dames van Eunice en Oranje ook betrokke. Oorspronklik was daar baie pessimisme onder die seuns en die onderwysers en vraagtekens of dié "kite" gaan vlieg. Dit wil egter voorkom of hierdie eksperiment die toets van die tyd kan deurstaan. Die skool gaan steeds van krag tot krag en presteer, soos gewoonlik, uitstekend op alle velde.







## Geskiedenis sal nuwe rigting reg bewys

***Geagte Redakteur***

Soos alle instansies in die land kom Grey ook onder die soeklig, veral as dit kom by praktyke rondom die ontgroeningsproses of oriëntering, soos die skool dit noem.

Selfs as 'n "social media dummy" is ek bewus van die roering oor 'n paar ontgroeningsbesluite deur die skool. My opinie is dat die skool op die regte pad is deur 'n nuwe manier te vind om nuwe leerders tuis te laat voel nadat hulle 'n "proses" deurgemaak het.

Daar is sekerlik baie oud-leerlinge wat altyd terug verlang na hul dae van glorie by die skool. Ongelukkig moet selfs hulle besef dat tye verander het en wat voorheen as tradisie beskou was, dalk vandag net slegte gewoontes is.

Soos enige ander instansie in die Suid-Afrika van vandag, is sekere aanpassings nodig om die veranderinge in die Grondwet te reflekteer. Grey Kollege is hier geen uitsondering nie. Die aanpassings wat gemaak is, is nodig.

Ek glo die geskiedenis sal bewys dat dit nodig was om 'n nuwe rigting in te slaan, al is dit nie nou vir almal duidelik nie. 'n Pionier moet noodwendig nuwe grond breek en by omstandighede aanpas. Ek sal altyd 'n Grey-ondersteuner bly. Ek wens julle alles van die beste toe vir 2016.

***Gustav Fichardt***
*Oud-Grey*

# Super Mario neem die leisels oor

## *Skoolkaptein vir 2016 maak ten volle gebruik van sy geleenthede*







**Mario Vieira geniet ses Cokes saam met Albert Potgieter by die Tuck Shop.** **Foto: BJ Vorster**

**ALBERT POTGIETER**

*Wie is Mario Vieira as persoon?*
Ek is iemand wat elke dag voluit probeer lewe in terme van my Christelike beginsels. Ek is baie passievol oor die lewe en die dinge daarvan. Soms 'n bietjie skaam, maar ek hou van mense.

*Wat sal jy nooit vergeet as 'n nuwe gr 8 Grey-seun nie?*
Die eerste dag van skool – dié skool was net iets anders. Dit was iets wat ek nooit te vore beleef het nie. Dit was ongelooflik en ek het besef dat ek graag hier wou wees.

*Wat beteken Grey vir jou?*
Grey het my as seun na 'n jong man laat ontwikkel. Grey het my geleer om op my eie twee voete te staan en op te staan as ek val. Ek het geleer hoe om met mense te werk en hulle te respekteer. Ek dink Grey bied mens so baie geleenthede en vorm jou as mens.

*Wat het deur jou gedagtes gegaan toe jy as skoolkaptein vir 2016 aangekondig is?*
Toe dit aangekondig word het ek getwyfel. Toe ek besef dit is ek, kon ek dit nie glo nie. Ek kon dit nie inneem nie. Dit was toe nog net 'n droom van gr 8 af.

*Wat is jou verwagtinge vir Grey Kollege in die jaar 2016?*
Ek verwag 'n groot jaar waar ons 'n positiewe gesindheid aanneem en die skool saam opbou. Ek verwag dat ons harte sal verander en weer lief word vir die skool.

*Waar is jou gunsteling uithangplek op die kampus, as die koshuis bietjie te veel raak?*
Die Hoofveld. Ek hou daarvan om op die pawiljoen te gaan sit in die aande. Dit is 'great' om op my eie te gaan sit en dink en my kop skoon kry.

Redaksielys 2016

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Albert Potgieter
**Subredakteur: Nuus** Gary Dykman
**Subredakteur: Sport**
Etienne Erasmus
**Subredakteur: Diepte**
Hugo Richter
**Subredakteur: Joernaal**
Jaco van Loggerenberg
**Subredakteur: Kultuur**
Daniel von Eschwege

**NUUSREDAKSIE**
Izak Adendorff, Eduan Truter, Dylan Barnes, Nathi Mosala, Relebohile Tsoai, Dirkie Laas, Vladik Seagreen

**SPORTREDAKSIE**
Hanru Bührmann, Johan van Eck, Ferdinand Ferreira, Ebert Wohlitz, Henko Delport, Gustav Pieterse, Christopher Schreuder

**DIEPTEREDAKSIE**
Kolbé Kolver, Phillip Pretorius, Andries Mulder, Dapper de Wet, Carel Greyling

**KULTUURREDAKSIE**
Reinhardt Grobbelaar

**JOERNAALREDAKSIE**
Valerio Cirelli, Nico Dreyer

**KUNSTENAAR**
JP Jacobs

**FOTOGRAWE**
BJ Vorster, Burger Minnaar, André Hough, Eric Diswane, Eduan Naudé

## Bly 'n taal behoue slegs deur te baklei

**HUGO RICHTER**

'n Mens lees op die Grey webwerf dat parallelmedium-onderrig een van die belangrikste voordele van Grey Kollege is. Leerders kan in Afrikaans en Engels onderrig ontvang en dis belangrik dat elke leerder sy eie identiteit en kulturele waardes kan uitleef.

Kyk 'n mens na Suid-Arikaanse universiteite, kan jy nie help om te wonder hoe Grey in die toekoms geraak sal word nie. Bykans twee derdes van die leerders ontvang Afrikaanse onderrig by Grey, maar die staat kan druk op die skool plaas om af te sien van Afrikaans as onderrigtaal. Dit is tog wat oral in die land by universiteite gebeur.

Die afskaf van Afrikaans by universiteite speel 'n groot rol in sommige leerders se keuse van universiteit aangesien hulle verkies om onderrig in Afrikaans te ontvang.

Skoolkaptein Mario Vieira wil graag volgende jaar medies gaan studeer. "Ek wil graag by Kovsies studeer, ek dink die mediese fakulteit handhaaf 'n goeie standaard." Hy sê die stakings maak hom bekommerd en hy hoop nie die onrus word erger nie. Mario is sterk in beide Engels en Afrikaans en die afskaf van Afrikaans as onderrigtaal sal nie sy keuse van universiteit beïnvloed nie. Hy voel egter dat Afrikaanse leerders aan die kortste ent trek.

Afrikaans is 'n erkende akademiese taal en volgens leerders is dit onbillik om te verwag dat die taal moet wegval.

Mario meen dat Grey hom onafhanklik sal hou van politieke oortuigings en dat hy nie bekommerd is oor wat by die skool sal gebeur nie.



**The terrible reality of the ongoing drought brought into focus.** **Photo: Supplied**

# No end to the drought in sight yet

*The country and particularly the Free State is crippled by scorched earth*

**CAREL GREYLING**

The current drought is possibly the worst Grey has ever seen in its 150 years of existence. Everyone is suffering the effects. Water restrictions of up to 20% made it exceptionally difficult to provide for the school and three hostels.

According to mr Mocke de Lange, our school's terrain supervisor, the gardens and fields at Grey College only make use of four boreholes for irrigation. In December those boreholes were starting to dry up. Fields were no longer watered and gardens, only every second day to control the water level.

The gardens at the hostels and schools were given preference.

Grass was allowed to grow out and was not mowed regularly. When it was mowed, the grass was not raked in order to control water evaporation and heat. No fertiliser was used and only nocturnal irrigation was permitted.

The Free State is one of the provinces that is most affected by the drought. It is thus unavoidable that it also has a severe influence on agriculture, which is the main economic source of the Free State. It is therefore obvious that it will also influence the Grey parents in a negative manner, with food prices rising even further. The general public will need to adapt their budgets in order to provide for their families.

The soaring food prices also have a negative influence on the hostel budget. Although no adjustments were made regarding the general menu, the kitchen staff do not have leverage for luxuries such as the *spitbraai*. The price of meat will go up by approximately 30 - 40% in 2016 and the price of potatoes has already risen by a colossal 148%, not to mention the increase in maize prices.

Grey College is privileged to have a capable management team during these challenging times. People such as mr De Lange are of utmost importance to steer the ship in the typical Grey manner of excellence.

The school will always be guided in the most capable manner. Added to that, the words 'giving up' do not exist in the lexicon of a true Free Stater.

## Grey tradisies behels meer as insouting

**ANDRIES MULDER**

"May the College ever train noble citizens." Dit is die woorde van Sir George Grey, die persoon wat die rede is hoekom ons almal die gestreepte baadjies dra. Dit is 'n beginsel by Grey om leerders tot hulle volle potensiaal te ontwikkel.

Grey het 'n ryk en tradisievolle geskiedenis en die insoutingsrituele was deel van hierdie tradisie. Dit was gebruik om leerders deel te maak van die skool en te onderrig in die Grey tradisies. Insouting moet egter 'n leeder positief beïnvloed sodat elkeen wat daaraan deel het gemotiveerd is om deel te word van sy nuwe skool.

Mnr Dries van der Wal, adjunkhoof, koshuisvader en steunpilaar van Grey Kollege sê: "Insouting het ongelukkig in die verlede ontaard in 'n emosionele en fisiese aftakeling van leerders, iets wat ek ten sterkste afkeur. Baie leerders het soms so ongelukkig geword dat hulle eerder die skool wou verlaat, daarom moes dit verander."

Ons leef in 'n tegnologiese era; in 'n kwessie van sekondes kan video's of foto's van gebeure, soms buite konteks, op die sosiale netwerke geplaas word. Indien dit gebeur skep dit ongelukkigheid – 'n probleem wat nie in die era voor sosiale netwerke bestaan het nie. Deesdae is daar soveel wette wat individue se regte beskerm, dat "insouting" deur sommiges gesien word as 'n skending van hierdie menseregte.



**Mag dit nog gedoen word, of nie?** **Foto: André Hough**

Derhalwe moes Grey Kollege aanpas en ook sy oriënteringsproses verander. Alhoewel hierdie besluit baie negatiewe reaksies ontlok het onder die huidige matrikulante, word die belange van die skool en die breër Grey gemeenskap bo individuele voorkeure gestel.

Grey se tradisies is nie beperk tot insouting nie. Elke leerder kan getuig van die gees in die skool, die *Grey shake* wat almal verenig, die eer om op die sportveld deel te neem en die trots as die eerste rugbyspan uitdraf.

Volgens mnr Van der Wal het dit tyd geword het dat skoolleiers en die opvoeders saam sit en kreatief besin oor nuwe wyses waarop die "insoutingstradisie" kan voortleef.

## Bram Fischer-beurs help leerders

**DAPPER DE WET**

Die Bram Fischer-beurs is 'n trotse Grey Kollege produk wat beurse aan beide primêr en sekondêre skoolleerders gee. Die beurs is gestig uit die Jock Meiring-Bram Fischer-trust en is tans onder die bekwame bestuur van mnr Johan Volsteedt, oud-Grey en voormalige skoolhoof..

Alhoewel gerugte die rondte doen dat Grey nie beurse gee nie, is dit die perfekte platform wat minderbevoorregte leerders die geleentheid gee om deel van die Grey-familie te word.

Die beurs word gebaseer op die konsep van die bekende Jeppe High School in Johannesburg.

Ontvangers van dié beurs is nie noodwendig skitterende sportmanne of akademiese presteerders nie, maar leerders wat gebalanseerd is en oor die nodige deursettingsvermoë en volharding beskik.

Om die beurs te behou, moet die beurshouer 'n vorderingsverslag aan die komitee voorlê. Indien die beurshouer nie sy akademiese jaar slaag en aan die vereistes voldoen nie, sal die leerder nie verder kwalifiseer nie. Hy is dan verantwoordelik vir die terugbetaling van die beurs.

Die beurs is by uitstek op die been gebring om finansiële hulp te verskaf aan leerders om hul talente ten volle te ontwikkel en uit te leef en ware Grey-ambassadeurs te wees.



# To pay or not to pay - that is the question *#feesmustfall*

**CAREL GREYLING**

Op 15 Oktober verlede jaar het studente van die Universiteit van die Witwatersrand met hul "#feesmustfall"- veldtog begin. Hul eise vir onder andere kostelose universiteitsopleiding het gelei tot 'n stilstand in aktiwiteite op kampusse regoor die land. Hierdie protes is met die aanvang van klasse in 2016 voortgesit en veroorsaak tans groot onrus op kampusse landwyd. Dit het ook 'n impak op skoolgelde gehad.

In 'n land waar die gemiddelde inkomste van 'n huisgesin in 2015 R11 641 per maand was en meer as 50% van die bevolking as arm geklassifiseer word, spreek dit vanself dat ouers nie werklik die skoolfonds van kwintiel 5-skole kan bekostig nie, terwyl die reg tot basiese onderwys en toegang tot skole deur ons grondwet onderskryf word.

Die realiteit waarmee skole sit is dat die staat leerlinge met slegs R165/jaar subsidieer; dit terwyl basiese dienste soos byvoorbeeld elektrisiteit met 142% toegeneem het oor die afgelope 3 jaar. Meer as 50% van begrotings word aan salarisse van ekstra onderwysers bestee, ten einde die leerling / onderwyser-verhouding aanvaarbaar te hou.

Die toeken van onder andere sportbeurse kan veel doen om die situasie te verbeter, maar dalk moet daar dan ook gekyk word na 'n afslagbedrag vir elke vakonderskeiding wat 'n leerling oor 'n akademiese jaar behaal het. Op dié wyse kan meer leerders voordeel trek en terselfdertyd kan dit as motivering tot beter akademiese prestasie dien.

Die slotsom van hierdie situasie is dat niks wat van groot waarde is, verniet kom nie.



**Abraham Louis Fischer (23 April 1908 – 8 Mei 1975). Foto: Argief**

# Bram Fischer: berug of beroemd

## *Hierdie visioenêre man was nie altyd geloof in sy eie tyd nie*

**PHILLIP PRETORIUS**

Abram Louis Fischer (beter bekend as Bram Fischer) is op 23 April 1908 in Bloemfontein, in die Vrystaat gebore. Fischer was deel van 'n prominente Afrikaanse familie. Sy pa was Percy Ulrich Fischer, 'n hoofregter van die Oranje-Vrystaat, en sy ma was Ella Fichardt. Sy oupa was die regsgeleerde, Abraham Fischer, Eerste Minister in die eerste kabinet van die Oranjerivier-kolonie in 1907.

Bram was 'n skolier aan Grey Kollege. In 1925 het hy matriek in die eerste klas geslaag met 'n onderskeiding in Wiskunde.

Hy was 'n goeie sportman wat veral in tennis en rugby uitgeblink het. In 1928 speel hy skrumskakel vir die Vrystaat in hul kragmeting teen Nieu-Seeland.

Hy studeer aan die Grey-universiteitskollege (deel van UNISA in daardie stadium) en verwerf die grade B.A. en LL.B. Hierna studeer hy drie jaar aan die Oxford Universiteit as 'n Rhodes student, waar hy onder die invloed van radikale linkses gekom het.

Na sy terugkeer na Suid-Afrika het hy as advokaat begin werk. Hy het as anti-apartheids aktivis baklei vir die regte van nie-blankes in Suid Afrika. Hy en sy vrou, Molly, het by die Kommunistiese Party van Suid-Afrika aangesluit in 1942. In 1943 was hy behulpsaam met die hersiening van die grondwet van die ANC. Hy is steeds hoog geag en baie het geglo dat as hy sy onortodokse politieke sienings laat vaar, hy selfs Eerste Minister sou kon word.

In 1948 is die Nasionale Party herverkies en is kommunisme in Suid-Afrika verban. Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika is dus ook verban. Die party het ontbind, maar het later weer as die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party tot stand gekom. Baie van die werksaamhede teen apartheid het ondergronds plaasgevind.

In 1963 was hy die leier van die regspan wat die Rivonia-aangeklaagdes verdedig het. Nelson Mandela was een van die aangeklaagdes. Die beskuldigdes is tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel, maar die feit dat hul nie die doodstraf gekry het nie is as 'n oorwinning beskou. Bram het vir 'n tydperk verdwyn maar is opgespoor na 'n intensiewe polisiesoektog.

Op 9 Mei 1966 is hy vir sameswering om die regering omver te werp tot lewenslange gevangenisstraf onder die Sabotasiewet gevonnis. Tesame daarmee moes hy 20 jaar uitdien vir sy deelname aan die bedrywighede van die SAKP.

Fischer is op Robbeneiland aangehou, maar in 1974 is vasgestel dat hy kanker het. Op 10 Maart 1975 het die Minister van Justisie ingestem dat hy by sy broer, Dr Paul Fischer, in Bloemfontein versorg kon word, maar dat slegs sy naaste familie hom kon besoek. Twee maande later is hy aan kanker oorlede.

Op die Grey Kollege-kampus word hy onthou as 'n legende. Sy naam is onder andere gekoppel aan die Fischer-tuin, die Bram Fischer-oval, die Bram Fischer-trust en 'n nuwe toevoeging, die Bram Fischer Wetenskapsentrum.

Alhoewel Bram Fischer ongewild was in sy tyd, het hy 'n legende geword.




Live for the moment in the all-new BMW X1. Its broad stance is underpinned by muscular performance, with precise steering ensuring agility even in the sharpest bends. Inside, driver and passengers can look forward to generous head and leg room, with an elevated seating position delivering an excellent vantage point from which to witness its domination in the urban environment.

**Book a test-drive and discover all-new levels of freedom.**

**Sovereign**
Cnr Charles and First Avenue
Bloemfontein
Tel. 051 400 0000, www.bmw-sovereign.co.za

Model shown with optional extras.

# ADD en ADHD is nie net 'stoutgeit' nie

**KOLBE KOLVER**

In die besige buitemuurse program waarin skoliere hulself bevind raak dit moeilik om na 'n middag op die sportveld te gaan sit en konsentreer op akademiese verpligtinge.

Om 'n balans te handhaaf tussen akademie en sport kan moeilik wees, maar om op albei hierdie gebiede te presteer is selfs n groter uitdaging. Alhoewel aandagafleibaarheid, prikkelbaarheid, lae konsentrasievermoë, hiperaktiwiteit, lae selfbeeld, impulsiwiteit en onvermoë om take te voltooi soos normale karaktereienskappe van 'n tiener klink, kan dit ook simptome van moontlik ADD (Attention Deficit Disorder) of ADHD (Attention Deficit Hyperactivity Disorder) wees.

Om ADD of ADHD te diagnoseer en te behandel moet daar bewyse van hierdie simptome nie net bv by die skool wees nie, maar op ander vlakke van die tiener se lewe. Diagnose word gemaak deur dokters, psigiaters en neuroloë en hulle gee dan 'n voorskrif vir die pasiënt. Sielkundiges kan ook 'n diagnose maak, maar mag nie 'n voorskrif gee nie. Hulle sal jou dan na die regte persoon verwys.

Concerta en Ritalin is twee van die mees bekende medikasies vir die behandeling van ADD of ADHD. Hierdie medikasie verhoog die vlakke van dopamien en norepinephrien en so kan 'n tiener dan langer konsentreer. Maar hierdie medikasie word ook onwettig verkoop en misbruik.

Dit is welbekend dat ADHD of ADD medikasie vrylik te koop is onder studente op die swartmark, want studente glo dit help hul om te leer. Of as 'n vriend of vriendin van jou 'n voorskrif het vir ADD of ADHD medikasie, dan kry jy dalk 'n pil of twee by hom of haar.

ADD of ADHD is 'n mediese toestand en moet in 'n ernstige lig beskou word. Neal A. Maxwell het eens gesê: "Never give up what you want most for what you want now." Met ander woorde, moenie 'n klein pil die moontlikheid gee om jou drome en toekoms te verwoes net omdat die kortpad nou na die gemaklikker opsie lyk nie.




**Voorgeskrewe medikasie nie vir leke-gebruik nie. Foto: BJ Vorster**

# The attitude makes the man - and the man determines his attitude

*The school captains bear the brunt of keeping the Grey spirit going*







"It's not what happens to you, but how you react to it that matters."- Epictetus

The way we react to situations determines our character. The way Grey College gets back on track after going through a few rough years affects the school's spirit. This year the school's spirit has improved and that is what separates us from the previous years. We are tired of it being said that this is 'another bad year'. When we are knocked down, we stand back up and come back stronger.

There will always be learners talking negatively about the school, dampening the school spirit. We need to keep that attutude to the minimum. The fewer leaners with a negative attitude towards the school, the higher the school's spirit would be, leading to more unity. The punishment for bunking has increased; more leaners are attending class, leading to improved discipline in the school. Better discipline leads to a decrease in conflict causing better unity between the learners. Unity causes the school spirit to increase and therefore the increased discipline is another reason why the school's spirit is at such a high level already in the first term.

The matrics of 2016 won't accept being called a "bad year" - this is seen in their behaviour and discipline. Besides the prefects and the school captains, the matrics set the main example for the younger grades. Whatever the matrics do, and how they do it, will spill over and affect the other grades. It is essential for the matrics to be disciplined and depict the image of true Grey gentlemen, which is what the class of 2016 is doing.

"If you talk to a man in a language he understands, that goes to his head. If you talk to him in his language, that goes to his heart." - Nelson Mandela.

The school captains are very approachable and when they address the school, they do so in both Afrikaans and English. This is to ensure that everyone will understand and take what is said to heart, thus uplifting the spirit of the school. The first term passed quickly and difficult times rose just as quickly. On the third day of the term, initiation, something that has been a part of this school for over 100 years, was taken away and the entire school was overcome by a sombre atmosphere. Immediately the school captain took action to turn this atmosphere positive again. The first opportunity he had to address the school after the news was delivered by the headmaster, he spoke positively to the learners, emphasising discipline and giving hope.

This happens every time trouble arises in the school, which is why the spirit of the school is kept at such high levels.

## Director Abrams awakens the Star Wars force once again

*Genre: Sci-Fi*
*Director: JJ Abrams*
*Rating: 9/10*

**VALERIO CIRELLI**

From Irvin Kershner's original *'The Empire Strikes Back'* to George Lucas's *'Revenge of the Sith'*, the latest of the Star Wars series, *'The Force Awakens'*, returns with a bang.

In this enthralling sci-fi movie directed by JJ Abrams, the crew is back and ready as ever to save and protect the galaxy. Alongside a new and fresh cast of characters, such as Daisy Ridley and John Boyega, originals from throughout the entire series such as Harrison Ford, Ewan McGregor and Frank Oz will be looking to add some experience to the new actors brought in. Harrison Ford who returns as the veteran pilot, Han Solo said, "They are wonderful and have wonderful careers ahead of them."

Thirty years after the destruction of the second Death Star, the last remaining Jedi is Luke Skywalk. The problem is that he has gone off the grid. It is now up to The Resistance, led by Luke's twin sister, General Leia, to find Luke and enlist his aid. The search for Luke and the adventure that takes place is not the only thing that will have you on the edge of your seat. What is even more amazing is the stardom that the global franchise is once again reaching. In 2016, *'Star Wars: The Force Awakens'* received five Oscar nominations.

The seventh instalment of the iconic series also became the highest grossing domestic film of all time surpassing Avatar's $760 million mark with a staggering $2 billion.

## Is virtual reality finally on our doorstep?

Imagine flying over the tops of mountains while admiring the gorgeous landscape below you, or exploring the deepest parts of the ocean. Soon you may be able to experience all of this and more from the comfort of your own home.




With the pending releases of virtual reality headsets, such as the Oculus Rift and HTC Vive, humanity's dream of better experiencing virtual worlds seems to be becoming a reality.

In 2012 Palmer Luckey founded a company known as Oculus VR. Within two months the company launched a Kickstarter campaign to fund the development and creation of prototypes for their virtual reality headset, the Oculus Rift. The company was able to ship prototypes of their headset to backers who donated 300 dollars or more.

In March 2014 the company was acquired by Facebook for approximately two billion dollars. Oculus VR plans to start shipping the consumer version of the Oculus Rift on 28 March 2016. It will be fitted with two OLED displays, with a combined resolution of 2160 x 1200.

The consumer version will also have a more ergonomic design than its prototypes. However, with the price of the Oculus Rift set at $600, not factoring in the cost of a computer with high enough specifications to be compatible with the headset, it would seem that this incarnation of Oculus VR's headset will be aimed mostly at enthusiasts.

A number of other companies and corporations began to express interest in virtual reality technology. One such corporation was HTC.

With companies such as Sony, Microsoft and Google all working on their own versions of a virtual reality headset and other companies such as Apple being rumoured to also be expressing interest in virtual reality technology, it would seem that virtual reality itself is experiencing a renaissance period.

***- Dr Games***



**The virtual world becomes a reality.** **Photo: Supplied**

COPY
SCAN
PRINT
FAX
ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS
Tel: 051 446 2440
KONICA MINOLTA
ITEC
e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za

## uitslae

### ATLETIEK
### Koshuis vs Stad

**REKORDS**

| | | |
|---|---|---|
| Herman Agenbag | o/16 | Diskus |
| Herman Agenbag | o/16 | Gewigstoot |
| Herman Agenbag | o/16 | Hamergooi |
| J Schlebusch | o/16 | Spiesgooi |

**EERSTE PLEKKE**

| | | |
|---|---|---|
| Lesley Botha | o/15 | 100m |
| Tony August | o/15 | 200m |
| Marcel Muller | o/15 | 400m |
| Riaan Brits | o/15 | 100m h |
| Gean Viljoen | o/15 | 800m |
| J Kellerman | o/15 | Hoogspring |
| Francois Viljoen | o/16 | 100m |
| Pieter Smith | o/16 | 400m |
| Vincent Lebitsa | o/16 | 800m |
| Henro Bender | o/16 | 3000m |
| Ross Braude | o/16 | 110m h |
| Ross Braude | o/16 | Verspring |
| Richard Kriel | o/16 | Hoogspring |
| J van Heyningen | o/17 | 100m |
| Henk Cilliers | o/17 | 400m |
| David Kriel | o/17 | 400m h |
| Johan Cronjé | o/17 | 800m |
| Marnich Tessner | o/17 | Diskus |
| Naudé Naudé | o/17 | Gewigstoot |
| WF Pieterse | o/17 | Hoogspring |
| Nico Prinsloo | o/18 | 100m |
| Andries Mulder | o/18 | 200m |
| Heinrich Bruhns | o/18 | 400m |
| H Bezuidenhout | o/18 | 110m h |
| Heinrich Bruhns | o/18 | 800m |
| Grové Coetzee | o/18 | Diskus |
| Tristan Spies | o/18 | Gewigstoot |
| PC Coetzer | o/18 | Hoogspring |

# Koshuis sit Stad ore aan

*Vier rekords word verpletter deur puik atlete*

**JOHAN VAN ECK**

Die jaarlikse Grey atletiekbyeenkoms was vanjaar vir die eerste keer 'n middag-aand byeenkoms. Op 25 Januarie het Stad en Koshuis kragte gemeet en oudergewoonte het Koshuis die stryd gewen.

Tydens hierdie byeenkoms word punte toegeken van die eerste posisie tot die agtste posisie. Die span wat die meeste atlete in elke nommer inskryf kan dus 'n voordeel hê. Stad het 999 punte ingesamel, maar dit was nie goed genoeg vir koshuis se 1 539 nie.

Mnr Pieter Viljoen, atletiekhoof, sê: "Al was dit nog vroeg in die jaar, is daar reeds op hierdie byeenkoms verskeie uitstaande prestasies gelewer, met onder andere vier rekords." Dit was interessant dat al hierdie rekords opgestel is in die o/16-ouderdomsgroep.

Jannes Schlebusch, 'n erkende spiesgooier in die skool, het weereens die vorige rekord wat gestaan het vir o/16 gemaklik verbeter met 'n gooi van 65,22 meter. Schlebusch hou tans die spiesgooirekords in die o/14-, o/15- en o/16-ouderdomsgroepe in die skool. Hy het homself ook reeds gevestig as een van die toonaangewende jong veldatlete in Suid-Afrika.

'n Naam wat beslis uitgestaan het volgens die resultate van die dag was Herman Agenbag. Hy het drie rekords op die dag verbeter, onderskeidelik die o/16 diskus-, hamergooi en gewigstoot. Herman sê: "Ek het vooraf geweet wat ek in dié items wou bereik en ek was vasbeslote dat ek my bes sou probeer om nuwe rekords op te stel."

In die o/17-afdeling het Janco van Heyningen eerste plekke in die 100-, 200- en 110m hekkies-items behaal. Benjamin Kennedy het in die spronge uitgeblink en beide die driesprong- en verspring gewen.

In die o/19-afdeling wen Tristan Spies die gewigstoot en driesprong. Heinrich Bruhns het ook weer nie terleurgestel nie met eerste plekke in die 400- en 800m-items.

Elke jaar sorg die o/19 100m-item vir baie opwinding. Andries Mulder, wenner van die 200m, het met 'n uitstekende tyd van 11,15 sekondes klaargemaak in die tweede plek. Nico Prinsloo het die wenstreep bereik in 10,80 sekondes en is die skool se 100m-kampioen vir 2016.



Herman Agenbag het drie rekords gebreek. Foto: BJ Vorster

# VS-span met vyf Grey-spelers kwalifiseer vir die A-afdeling

**EBERT WOHLITZ**

Die Grey Gholfkampioenskap het plaasgevind by Bloemfontein- en Schoemanpark Gholfklub gedurende Januarie en Februarie.

Mnr Gawie Grobbelaar, hoof van Grey-gholf, sê: "Vandag help die toernooi ook om die rangstelsel, veral in die begin van die jaar, aan die gang te sit." Wilco Nienaber het die toernooi gewen met 'n totaal van 361 houe oor vyf rondtes. Louis Fourie was tweede met 382 houe en Malherbe Oosthuizen derde met 385 houe (baansyfer van 72).

Wilco was een van die vyf Grey-spelers wat in 2015 ingesluit was in die o/19-Vrystaatspan wat aan die Interprovinsiale Toernooi deelgeneem het. Dié span wen die B-afdeling en kwalifiseer om in 2016 in die A-afdeling te speel.

Wilco verduidelik: "My opponent was twee houe voor met vyf gate om te speel; ek behaal toe drie voëltjies om gelyk te trek en met 'n kaphou op die 17de gat behaal ek toe 'n arend. Dit het verseker dat ek met een hou wen."

Wilco was by die toernooi aangewys as die 'Mees Waardevolle Speler'. Hy het ook gekwalifiseer vir die o/16 Protea-span wat in Augustus 2015 in Italië deelgeneem het. Dit is nie die eerste keer dat hy Suid-Afrika in die buiteland verteenwoordig het nie.

Dit is nie waar die Grey gholfgolf stop nie. Die oud-Grey, Dean Burmester, is tans onder die top 100 gholfspelers in die wêreld.

Hy het op die Sunshine-toer se prysuitdeling vier van die sewe trofees verower en is op die oomblik die voorloper op die Investec Cup se puntelys.

Dit is duidelik dat die gehalte van sy gholf van krag tot krag gaan. Nog baie word van Dean verwag.






# Sewes-kaptein Philip Snyman beïndruk

**GUSTAV PIETERSE**

Die Springbok-sewes-span, beter bekend as die 'Blits-Bokke', presteer uitstekend in die huidige HSBC Sewes Wêreldbeker-reeks. Hulle het daarin geslaag om die toernooi in Kaapstad te wen aan die einde van 2015, 'n prestasie wat baie goed deur die geesdriftige tuisskare ontvang is.

Grey kan met reg trots wees op die skool se voortgesette verteenwoordiging in die nasionale sewesspan. Twee van die skool se oudspelers, Philip Snyman en Chris Dry, is in hierdie wen-groep ingesluit. Wat dié prestasie egter hierdie keer besonders maak is dat Philip Snyman boonop ook aangewys is as kaptein van die span.

Na die eerste wedstryd by die toernooi in Australië is Philip beseer en kon nie verder aan die toernooi deelneem nie. Ironies genoeg is Chris Dry, die enigste ander oud-Grey in die groep, vir die orige wedstryde as kaptein in Philip se plek aangewys.

Die sewes-kaptein het al van o/14-vlak in die A-span gespeel en het al reeds in graad 11 vir die skool se eerstespan uitgedraf. Uit al sy jare van ondervinding is sy hoogtepunt by Grey die drie keer in 'n jaar wat "1ste team die is nie", in die saal gesing word.

Philip sê dat Grey vir hom veral die volgende geleer het: "Die skool leer jou oor dissipline, respek vir jouself en ander en trots. By Grey leer 'n mens dat jy altyd bo kan uitkom met harde werk."

Dit is ook sy raad aan al die Grey-rugbyspelers: "Werk hard en speel elke wedstryd asof dit jou laaste is. Onthou egter dat rugby nie alles is nie, en geniet moet word."

Snyman meen die hoogtepunt van sy professionele loopbaan was sy debuut vir die Cheetahs, om 'n sewes-toernooi voor sy tuisskare te wen en die oorwinning in die IRB Wêreld sewes-reeks.

Philip sê: "Ek is regtig baie opgewonde oor die opkomende Olimpiese Spele in Rio de Janeiro. Ek het baie vertroue in die groep spelers, waar daar baie diepte is."

Volgens hom is daar ook 'n broederskap tussen die spelers wat hom terug laat verlang na sy Grey-dae.




Philip Snyman (derde van links) saam met spanmaats. Foto: Verskaf




# Eerstespan fokus op verbetering

*Raynard van Tonder se lopiefees verseker sy plek in die SA Skolespan*

**CHRISTOPHER SCHREUDER**

Sedert 1980 het Grey Kollege al 25 SA Skole-krieketspelers opgelewer. Raynard van Tonder, kaptein van die eerstespan, het by die Nasionale o/19 Coca-Cola krieketweek as die tweede hoogste lopiemaker geëindig.

Raynard is daarna ingesluit in die SA Skolespan wat op 21 Desember 2015 op Buffalo Park in Oos-Londen teen die SA Colts-span gespeel het. Hy het in dié wedstryd ook uitgeblink met die hoogste telling van die wedstryd, 76 lopies van 111 balle. Die SA Skolespan het dié wedstryd met 46 lopies gewen.

Raynard sê: "Waar ek in die verlede net gekyk hoe lank ek kon oefen, het ek nou korter en meer spesifiek begin oefen. Ek fokus nou meer op die intensiteit van die oefening. Dit is belangrik dat ek my fokus weg te hou van lopies kry en om nasionale spanne te maak. Ek het eerder probeer fokus op maniere hoe om lopies te kry."

Grey Kollege se eerste krieketspan het vroeg in Januarie aan die DHS krieketweek in Durban deelgeneem. Grey het nogmaals hierdie week onoorwonne afgesluit. Grey het die week goed begin met 'n maklike oorwinning oor St Charles College, gevolg deur 'n onbesliste wedstryd teen Michaelhouse. Die wedstryd op die derde dag teen Westville is weens reën afgestel.

Grey het die week afgesluit met 'n spannende oorwinning oor Northwood. Daar het 'n totaal van 20 spanne aan die week deelgeneem insluitende Churchie (Anglican Church Grammar School) van Brisbane, Australië.

Dylan Frances, paaltjiewagter en top-orde kolwer, sê: "Ek het baie geïnspireerd and gelukkig gevoel met ons vertonings. Ons het laas jaar baie hard gewerk en voorberei vir dié week. Ek is baie bly ons kon lekker gees bou en die jaar goed afskop."

Wian Mouton, openingsbouler, het in totaal 5 paaltjies in die drie wedstryde geneem, die meeste in die eerstespan. Hy het gesê: "Ek probeer die nuwe bal so goed as wat ek kan gebruik deur op 'n goeie lengte te boul en die bal konstant weg van die kolwer te swaai."

Hy sê verder: "Dit is wanneer die kolwer se oog nog nie in is nie, dat ek my beste kans staan om druk op te bou en 'n paaltjie te kry. Ek probeer ook nie om te veel variasies te gebruik nie, want ek voel dat dit die bal oud en sag maak."

Mnr André Bester, hoofafrigter, sê: "Die eerstespan het die vermoë om die beste skolespan in die land te wees. Ek dink dit is belangrik dat elke speler besef waartoe hy in staat is en genoeg in homself en sy afrigters glo om dit te laat gebeur."

Drie van die senior spanlede is gekies om aan die Cubs krieketweek deel te neem wat oor dieselfde tydperk as die DHS krieketweek plaasgevind het. Philip Visser en Raynard van Tonder het die Knights Cubs-span terwyl Christopher Schreuder die SA o/17 Uitnodiging-span verteenwoordig het.

Mnr Adri Swanepoel, direkteur van krieket by Grey, sê: "Vir my gaan dit oor die skep van geleenthede vir spelers. Wanneer jong spelers entoesiasties is en met ywer aan hul krieket werk moet hulle die geleentheid gegee word om te verbeter."

Hy voeg by: "My groot doel is om te verseker ons sisteem en Hoë Prestasie-program ontwikkel die jong talent tot die beste spelers wat hulle moontlik kan wees."



**Raynard van Tonder, lopiemasjien. Foto: Burger Minnaar**

Die Hoë Prestasie-program by Grey Kollege is die enigste van sy soort in Suid-Afrika en hiermee wil Grey verseker dat talentvolle krieket-spelers die beste geleenthede kry om ten volle te ontwikkel.

Die toekoms van krieket by die skool lyk belowend.

## results

### Grey High Cricket Interschool

**First team**

Grey batted first and made 234 for 6

| | |
|---|---|
| Christopher Schreuder | 100 |
| Dylan Frances | 55 |

Grey High made 235 for 4

Result: Grey High won by 6 wickets

**Second team**

Grey batted first and was all out for 165 runs

| | |
|---|---|
| Brendan Callis | 45 |
| Benje Pienaar | 33 |

Grey High made 169 for 4

Tiaan Botha took 3 for 16

Result: Grey High won by 6 wickets

**/15A**

Grey High batted first and made 195 for 9

C Vivier took 3 for 15

Grey made 145 for 5

| | |
|---|---|
| M de Kock | 87* |

Result: Match drawn

### St Andrew's Grahamstown Cricket Interschool

**First team**

St Andrews batted first and made 179 for 6

Wian Mouton took 4 for 31

Grey made 179 for 7

| | |
|---|---|
| Christopher Schreuder | 54 |
| CP Klijnhans | 49 |

Result: Match tied

# Belangstelling onder jong skaakspelers kan toernooi meer aansien gee




**HENKO DELPORT**

Die veertiende amptelike Grey Kollege Skaak Uitnodigingstoernooi is die naweek van 19 en 20 Februarie by Grey Kollege aangebied, met Nedbank vir die eerste keer as hoofborg. Drie-en twintig skole is deur 248 spelers, binne 62 spanne van vier lede elk, verteenwoordig.

Die toernooi het in 2002 op aanbeveling van mnr. Johan Volsteedt, voormalige skoolhoof, ontstaan. Volgens mev. Louise Pretorius, skaakorganiseerder, is alle sportsoorte destyds tot 'n toernooi aangemoedig om sodoende te begin voorberei vir die skool se groot 150-jarige vieringe in 2005.

Grey het vanjaar uitstekend presteer deur 'n tweede plek in die A-afdeling los te "skuif". Die gunstelinge en wenners van verlede jaar se toernooi, Hoërskool Waterkloof, het weer 'n slag eerste geëindig. Grey se buurskool, Eunice, het derde geëindig.

In die B-afdeling was Grey Kollege se C-span vierde, Wynberg derde en Allan Glen se A-span tweede. Afrikaans Hoër Seunskool se C-span het hier met die louere weggestap.

Nedbank was vanjaar die hoofborg, waar die toernooi in die verlede deur onder andere Standard Bank ondersteun is. Die skool is baie dankbaar vir hierdie borgskap, wat kontantpryse en skryfbehoeftes insluit.

Mev Pretorius is opgewonde oor die juniors se ywerige belangstelling in skaak. Dit hou, volgens haar, baie belofte in vir die gehalte van skaak in die toekoms. As die skaakspelers gereeld skaak speel, is alles moontlik.

Gary Kasparov, een van die wêreld se grootste skaakmeesters glo: "'n Skaakmeester behoort duisende skaakspelle in sy geheue te stoor, want skaak is vir hom wat woorde uit hul Moedertaal vir gewone mense is en wat note vir die musikant is.

## Swemmers bevestig sonder twyfel onbetwiste talent

**HANRU BÜHRMANN**

Die somer is amper verby en die Grey swemspan het nog 'n uitstekende seisoen agter die blad.

Grey het aan verskeie galas deelgeneem en as span uitstekend gevaar. By die Affies-gala het veral die juniors puik prestasies gelewer en eerste plekke is deur die o/14- en o/15-swemmers behaal in beide die wisselslagaflos en die kruipslagaflos.

Grey het hierdie kompetisie gewen met 312 punte teenoor die 222 punte van St Benedicts.

Deur na hierdie uitslae te kyk is dit duidelik dat Grey een van die topskole is wat swem aanbetref. Alhoewel swem as 'n individuele sport beskou word, is dit net nog meer bevredigend as die span saam suksesse behaal. Me Helene du Toit, hoof van swem by die skool, sê: "Die spangees is baie positief en die seuns geniet dit om saam te toer en sukses te behaal."

By die Westville aflosgala het Grey 'n puik tweede plek behaal met 280 punte, slegs 18 punte agter die gasheerskool.

Die Grey Gala was ook 'n reuse sukses vanjaar. Die optogte was positief en opbouend. Van die ouers het die opmerking gemaak dat dit eintlik is waaroor sport gaan. Die gees van al die skole, wat Eunice en Oranje insluit, was uitstekend.

Een rekord het op dié byeenkoms in die slag gebly. Kevin Henderson (nou 'n oud-Grey) se rekord in die 100m borsslag, wat reeds in 2003 opgestel is, is verbeter deur die belowende jong swemmer Joshua Hamilton.

Oudergewoonte het Stad die gala gewen met 584 punte teenoor Koshuis se 324 punte.



MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

24-UUR
NOODSENTRUM
0800 051 051

ONS NOODSPAN STAAN REG
OM TE HELP IN ENIGE
MEDIESE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

**skaak**

Veertiende toernooi lok die beste spanne in Suid-Afrika



Veldatlete gee die pas aan as dit kom by die opstel van nuwe rekords

**atletiek**



**sewes**

Philip Snyman bereik nuwe hoogtepunte op rugbyveld

HSBC Sevens World Series iRB

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · Maart / March 2016

# Toekoms blink vir waterpolo

*Skool se ondersteuning verseker hoë vlak van prestasie*



**Oloff Paul, lid van die eerste waterpolo-span, in aksie aan die begin van 'n besige seisoen.** **Foto: Burger Minnaar**

**FERDINAND FERREIRA**

Grey speel jaarliks gasheer vir die o/18 Itec waterpolotoernooi, waaraan 16 van die land se top waterpolo-skole deelneem.

Die eerstespan het teen 'n klomp groot name in die waterpolo-wêreld meegeding en het 'n algehele 11de plek verwerf nadat hulle teen skole soos Kingswood, DHS, Crawford, Affies, St Benedicts en St Davids gespeel het. Clifton en DHS het in die finaal koppe gestamp, waar Clifton die oorhand gehad het en DHS die knie in 'n harde wedstryd moes buig.

Beide Clifton en DHS is spanne wat onder die top tien ranglys vir o/18-waterpolospanne in Suid-Afrika lê. Grey beklee tans die 21ste posisie op dié ranglys na die Itec-waterpolotoernooi se verrigtinge.

Juan Venter, kaptein van die eerstespan, sê: "Vir my was die hoogtepunt beslis toe ek in die kleedkamer sit en hoor hoe die hele skool sing. As die skool ons ondersteun, kry mens net 'n nuwe tipe energie wat jou net wil laat wen en op jou beste voor hulle speel."

Juan het bygevoeg: "Ek dink ons sou nog beter gevaar het in die toernooi as hulle elke wedstryd daar was. Ek dink daar is 'n positiewe toekoms vir waterpolo by Grey, want mens hoor net die heeltyd van die jonger grade wat goed presteer."

Mnr Nico Venter, hoof van waterpolo by die skool, sê: "'n Hoogtepunt vir my deur die toernooi was ons oorwinning teen Kingswood toe die hele skool ons kom ondersteun en aangemoedig het."

## sports calendar

**2016 SECOND TERM FIXTURES**

**9 April**
Interschool
Maritzburg College (home)

**15 April**
Soccer
Waterstone

**29 April**
Squash
SA Country Schools

**30 April**
Rugby
Wildeklawer

**30 April**
Hockey
Nomads (Cape Town)

**7 May**
Interschool
Affies (away)

**12 May**
Tennis
Kearsney Festival

**14 May**
Interschool
Selborne College (home)

**21 May**
Interschool
Paarl Boys High (away)

**25 June**
Squash
SA Schools

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Clover
Way Better
Official sponsor of Grey Rugby

UP TO R10 MILLION
LIFE COVER IN ONE SIMPLE CALL
LET 1LIFE HELP PROTECT YOUR CHILD'S FUTURE DREAMS
ONE PHONE CALL · NO PAPERWORK
NO MEDICALS REQUIRED
SMS 'LIFE' to 43867** and we'll call you back, or visit www.1Life.co.za for an online quote and more information.
**Standard SMS rates apply.
1Life Changing Lives
BRAVE/1LIFE/1691/E/S

vivid designs 082 576 3143